**Borgwardklub van Suid-Afrika, Suidelike Streek**
**Borgward Club of South Africa, Southern Region**

**April 2023**

# Borgward Nuus / News

Bl.

*Voorwoord & Meelewing* 1
*George Motorskou* 2
*Hoe vorder die Coupè* 2
*Eight Feet* 3
*'n Paar Borgward Wetenswaardighede* 4
*So word die nuusbrief gemaak* 5
*Ontmoet Carl Borgward* 6
*Sit jou Hollandse tande in* 7
*Om oor na te dink* 7

Vanjaar is dit reeds sestig jaar gelede dat ons held Carl Borgward oorlede is en steeds leef sy legende voort. In hierdie uitgawe haal ons 'n nommerpas beskrywing van die uitnemende man aan. Wat meer kan 'n mens sê oor die formidabele persoon! Saam daarmee 'n interessante lys van inligting oor Borgward.

Ons het die afgelope tyd die somerweer goed gebruik en heerlik saam gekuier tydens twee suksesvolle uitstappies waartydens ons die motors kon gas gee en op die pad vertoon. Ek vertrou dat die terugvoering en fotos meer lede sal motiveer om mee te doen in die toekoms. Die winter lê voor die deur en dan sal ons byeenkomste meer binnenshuis plaasvind. Verwys ons jaarprogram vir besonderhede.

Johan en Amanda Bruce het vir drie maande by hulle kinders in Nieu Zeeland gekuier en 'n spesiale joernaal geskryf oor hulle wedervaringe wat hulle goedgunstiglik met ons deel in die bylae tot hierdie uitgawe. As ons mense ook maar so wetsgehoorsaam sou wees soos die Nieu Zeelanders dan sou ons dalk min of geen ongelukke beleef het soos wat nou weer oor Paasnaweek gebeur het nie.

Baie dankie aan almal wat bydraes gelewer het en spesiaal aan Kees en Magda wat uit hulle pad gaan om net hulle allerbeste te lewer.

Louis

## Meelewing

'n Half jaar gelede het ons saam met Louis van Jaarsveld "seergekry" toe sy Coupè in die ongeluk erg bekadig is. Gelukkig vorder die herstelprojek goed – sien berig en fotos elders in die nuusbrief.

In die week voor ons uitstappie na Eight Feet is ons Johan de Villiers in die hospitaal opgeneem. Ons het gedink dit sou net 'n paar dae wees, maar dit het toe amper 'n maand geword en hy is toe eers met Paasnaweek ontstlaan. Hy was nog steeds baie swak en het nog geen eetlus nie. Sy seun Jan Daniel met sy 3 honde en ook die huishulp versorg hom nou tuis. Ons dink aan Johan in ons gebede en vertrou dat hy spoedig weer sy kragte mag herwin. Ons mis hom by ons uitstappies en vergaderings – hy is 'n baie getroue en gewaardeerde lid van ons klub.

In dieselfde tyd het Robert Schepel ook ernstige probleme met sy gesondheid ondervind en was hy ook in die hospitaal. Hy is weer tuis (en by die werk) en word baie goed versorg deur sy vrou Mary, wat ook sy "chauffeur" is. Ons hoop dat hy ook eersdaags weer goeie gesondheid mag geniet.

Ons leef graag saam met die wel en wee van ons lede, en ons hoop dat die volgende meelewing vreugdevol mag wees. Deel gerus al julle opdraandes en afdraandes van die lewenspad met ons.

Kees Beekman

**George Motorskou**

Vanjaar se skou het die impak van die afgelope twee jaar van Covid 19 heeltemal afgeskud en dit was soos in die verlede 'n dawerende sukses. Die terrein was 'n miernes van bedrywighede en opbrengste was goed. Die klem het vanjaar geval op Italiaanse motors, trekkers en motorfietse en daar was heelwat van hulle.

In die verlede is motors soort by soort uitgestal volgens fabrikaat bv. Borgward, Mercedes, Chev, Ford, en die gebruiklike verbyrit was ook volgens fabrikaat. Alhoewel die uitstalling nog steeds volgens fabrikaat was is die verbyrit deur die arena gedoen volgens land van herkoms bv. Duits, Amerikaans, Engels, ens.

Ons was goed verteenwoordig danksy ondersteuning van ons Suid Kaap lede, die van Rooyens, Graham, Chris en Tammy. Uit die Noorde is ons verras deur Ettienne Geel en Des Bosch wat spesiaal afgekom het vir die skou. Ons het ook weer by die skou bande opgetel met 'n vorige lid, Thysa Franken van Vredendal, wat nog steeds sy Borgwards het en weer by die klub wil aansluit. Dan is daar ook nog 'n potensiële nuwe lid (in die Suidkaap) wat deur Graham voorgestel is en binnekort opgeteken sal word. Altesaam het ons 16 motors uitgestal wat 'n verskeidenheid van modelle ingesluit het.

Die skou is beslis die moeite werd en word hoog aanbeveel vir een en almal.

Louis








**Hoe vorder die Coupè?**

Pierre vorder goed met die herstel van Louis se Coupè. Die voormodderskerm en die deur is reg en gepas. Die agter modderskerm en die deel tussen die deur en modderskerm word tans aan gewerk.

Louis





**Eight Feet**

Op die 5de Maart sou ons op ‘n uitstappie rondom die Skiereiland gaan met middag ete in Houtbaai. Die reëngodin het egter besluit om daardie dag die Skiereiland ‘n bietjie water te gee. So word die uitstappie vir ‘n week uitgestel.

Die Kaapstad fietstoer het egter op 12 Maart die beplande uitstappie weer in die wiele gery. Van afstel was daar nie sprake nie en ‘n alternatiewe plek moes gevind word. Kees Beekman stel toe voor ons ry Riebeeck Kasteel toe en gaan geniet middag ete by die Eight Feet Restourant. Die restourant is op Pieter-Steph du Toit, Springbok losvoorspeler, se pa se plaas Kloovenburg. Toe Pieter-Steph en sy drie jonger broers as kinders op die plaas gedurende parstyd help druiwe trap het om wyn te maak, het hulle met hul vuil voete agter op die bakkie gesit as hulle huistoe ry. Dan hang die 8 vuil voete van die bakkie af. Toe word die vallei die ‘Eight Feet Valley’ genoem. Vandaar die naam van die restourant.

Ons was altesaam agtien persone wat die uitstappie meegemaak het. Ongelukkig was net Kees, Osmond en Dolf met hulle Borgwards daar. Ons hoop om op die volgende uitstappie weer Louis se bakkie te sien. Deon se Koepee, Pierre en Hector se Sedans is ook almal in ‘n amper loop toestand. Ons hoop ook dat Robert gou sy mediese probleem sal afskud sodat hy ook weer die uitstappies met sy Koepee sal kan bywoon.

Dankie aan almal wat die dag opgevrolik en onvergeetlik gemaak het. ‘n Spesiale dankie aan Osmond wat sy ma, Brenda, saamgebring het. Dit was werklik ‘n verrassing en so lekker om saam met haar te kuier.


Veilig ry met jul Borgwards. Sien julle almal op die volgende uitstappie.

Rina



Ons kuier lekker terwyl ons wag vir die kos.

.



Uitsig vanaf Eight Feet oor die Riebeek Vallei.

**‘n Paar Borgward wetenswaardighede**

1. Borgward was een van die eerste Duitse fabrikante wat ‘n hidroliese koppelaar gemonteer het.
2. Die effens nukkerige en vreemde Carl F.W. Borgward het meer as 200 000 van sy Isabellas verkoop. Daarvoor het hy weliswaar 8 jaar nodig gehad. Daar was jare waar hy meer van sy middelklas model verkoop het as die Mercedes Benz se pontonmodel.
3. Carl Borgward het in die jare dertig begin as ‘n produsent van motorverkoelers.
4. Dit word beweer dat Carl Borgward die Coupè ontwerp het om te voorkom dat sy vrou ‘n VW Karmann Ghia koop.
5. Van die Cabriolet weergawe wat deur die bakbouer “Deutsch of Cologne” in opdrag van Borgward gebou is, is daar slegs 29 gebou.
6. Dr. Borgward se groot droom was om ‘n kar te bou wat kan meeding met die “upmarket” Mercedes Fintail modelle. Dit het hy reggekry met die P100 “Big Six” van 1959 met sy lug suspensie. Die bedreiging vir die Fintail het Mercedes nie aangestaan nie, en, volgens Borgward entoesiaste, het Stuttgart heelwat te doen gehad met die val van die Borgward Empire. Toe die fabriek in Januarie 1961 sluit, het die P100 se produksie op 1400 gestaan.
7. In Desember 1954, skaars 6 maande nadat met produksie van die Isabella begin is, was daar al meer as 10 000 verkoop. Die volgende jaar was dit 25 000. In 1959 is daar weer ‘n nuwe rekord opgestel toe 38 000 Isabellas gebou is.
8. In 1955 is begin met die bou van die Isabella TS – dit staan vir **T**ouring **S**port. Met ‘n vermoë van 75 pk kon hy ‘n topsnelheid van byna 160 km/h haal, en het hy meegeding met die Mercedes 220, BMW V8, Opel Kapitän of ‘n Porsche 356 wat prysgewys buite bereik van die middelklas was. In Duitsland het die TS 8200 Mark gekos,en “sòveel auto, snelheid, kwaliteit en looks kreeg je nergens voor het geld.”
9. Die eerste stasiewa (Combi) het sy verskyning in 1955 gemaak, en alhoewel hy in Duitsland nie baie suksesvol was nie, was hy baie gewild in Amerika. In daardie jare was dit “erg modieus” om jou met ‘n Europese motor te onderskei van die res.
10. Hoewel ek dit alreeds in die Oktober 2022 uitgawe genoem het, kan ek nie anders as om dit weer te noem nie – dit is sò aandoenlik. Toe die laaste Isabella van die monteerband rol, het ‘n koerantfoto van die gebeurtenis ‘n bordjie gewys waarop geskryf was: “Jy was te goed vir hierdie wêreld.”

**Kees Beekman**

Bronne: “Auto Motor Klassiek” van Julie 2011.

C20 th Cars.

**<u>So word die nuusbrief “gemaak”.</u>**

Op Vrydag, 10 Februarie het die eerste nuusbrief van die jaar “gesak” of “ter perse gegaan”, om koeranttaal te gebruik. Dit was ons mikpunt, en daardie hele week het gestaan in die lig van die nuusbrief. Die bykans 2 maande sedert die vorige nuusbrief in Desember was ‘n tyd van stof bymekaar maak op verskillende maniere – die maklikste stof is natuurlik om verslag te doen oor iets wat gebeur het. In Desember en Januarie gebeur daar gewoonlik nie veel op klubgebied nie, behalwe die “opskop” in Desember en die afskop vroeg in die nuwe jaar. Dan vra ek maar gewoonlik iemand wat dit bygewoon het om ‘n beriggie te skryf, anders is daar nòg meer Kese in die Nuusbrief!

As daar nie genoeg stof op hierdie manier inkom nie, m.a.w. as daar nie genoeg gebeur nie, dan moet daar stof gemaak word. Dit beteken dat ons berigte moet skryf oor ons eie Borgward wedervaringe en dat lede gevra word om ‘n berig te skryf. Hiervoor bedank ons vriende soos Thys Botha vir sy vanmelewe se berigte oor Borgwards, Robert Schepel vir sy Borgward verweefde lewensverhaal, Louis van Jaarsveld vir sy berig oor die bonus Coupè a.g.v. sy ongeluk met sy Coupè, en ons 2 senior egpare, Basie en Mariëtta Geldenhuys, en Laurie en Helmine Claasen vir hulle mooi groetebriewe aan die klub. (In ruil vir ‘n berig van jou, die leser, sal jy ook dankbare vermelding kry!) Die bron van stof word verder aangevul deur ‘n paar vaste rubrieke.

As daar genoeg stof is, begin die lekker, maar ook die moeilike werk, en kom Magda Voigt ook in die prentjie. Magda is al vir baie jare die dame op ons kantoor, verantwoordelik vir al die “admin” en die boeke. Nadat ek al die berigte taalkundig versorg het, sorteer ek hulle eers in die regte volgorde (erg belangrik) en skryf met ‘n rooi pen watter berigte fotos moet kry, en hoeveel fotos per berig. Dan begin Magda met die uitleg en samestelling van die nuusbrief. Minder as ‘n jaar gelede het ons niks hiervan geweet nie – die water was nogal diep! (Ons wil vir John Mc Ewan en sy dame baie dankie sê vir die paar jaar wat hulle dit gedoen het.) As die berigte nie te lank is nie, sal ons ‘n paar berigte per bladsy doen, maar ons sal sover moontlik probeer om te verhoed dat een berig oorloop van een blasy na ‘n volgende. Om die fotos in te pas in die oop spasies is nie altyd maklik nie – soms moet jy stukkies van die fotos “wegsny”, sonder dat die “boodskap” van die fotos daaronder ly. Soms moet ons ‘n foto nòg smaller maak (“drag“) om in te pas, maar dan lyk die “duideliker” mense asof hulle op ‘n dieet was! (Die omgekeerde is gevaarliker!) Soms moet ons ‘n bladsy tot 6 keer uitdruk voordat ons tevrede is. Ek bewonder Magda se geduld met my omdat ek nie gou tevrede is nie. Nadat die eerste nuusbrief voltooi is, lees ek hom ‘n paar keer aandagtig deur om te kyk of daar nie tog nog ‘n spelfout deurgeglip het nie. As ek tevrede is, gee ek Magda die groen lig om die “print” knoppie te druk –‘n baie lekker gevoel!!

**Kees Beekman**




**Ontmoet Carl Borgward**

Ons stel u graag voor aan Carl Borgward soos hy bekend gestel is in 'n uitgawe oor Borgward Isabella – Limited Edition deur Brooklands Books.

Carl Borgward is unique. Not only did he build his own factory, design, and make his own cars and trucks, but he has managed to retain control, strong personal control, over a vast empire embracing plants in Germany, South America, Australia and Indonesia. He is one of the few founder-makers left in the world: one cannot help feeling that he will be the last. It would be quite inadequate to refer to him as an employer. Carl Borgward is the 'father' of 20 000 workers in Bremen, and his plant there ranks as the 4 th largest motor factory in Germany. Today they call him the 'Dynamic Doctor' out of respect for the Honorary Degree of Doctor of Engineering which he picked up somewhere en route. One might safely reckon that Isabella is his favourite car, and that its daily production rate of 150 units is restricted purposely to comply with Borgward's personal requirements of quality.

Carl Borgward has two claims to fame: he is the proprietor of the biggest one-man business in Germany (his wife is his only other shareholder), and, next to the Minister of Finance, is Germany's largest consumer of cigars! A fastidious, punctual man, his capacity for work is colossal — even at 69. He is his own designer, planner, stylist, financier, sales manager, and general manager!

**Kees Beekman**




Carl Borgward _ met die sigaar in die hand!



**Om oor na te dink**

1. Ek soek nooit probleme nie, hulle vind my altyd.

2. Mislukkings inspireer wenners, maar verslaan verloorders.
3. Om gelukkig te wees moet jy iets doen wat jou gelukkig maak.
4. 'n Mens leef maar net één keer, maar as jy dit goed doen dan is één keer ook voldoende.
5. Sien jy die pad, of sien jy die bere?
6. As die trein betyds is, is dit "perrongeluk"
7. As die gras groener is aan die ander kant, is dit tyd dat jy iets aan jou tuin doen!
8. Ek het sòveel geleer uit my foute, ek dink ek gaan nog 'n paar maak.
9. 'n Glimlag is 'n geboë lyn wat alles regmaak.
10. Deur saam te werk leer jy die meeste oor jouself.

**Kees Beekman**

**Sit jou Hollandse tande in!**

Ons het nà die afskopbraai 'n E-Pos van Freek en Ria uit Nederland ontvang, en ons plaas dit graag. Hulle was vir 3 weke met vakansie in Suid-Afrika as gaste van onse Johan de Villiers.

Goeie morgen Kees,

Hartelijke dank voor de nieuwsbrief,we hebben deze met plezier gelezen.
We bedanken jou en de Borgwardklub voor de uitnodiging om bij jullie samen te zijn op de braai.
We hebben genoten om lekker te kunnen praten met elkaar.

Dit alles dankzij onze goede vriendschap met Johannes,waar we zoals je weet al jaren mee zijn bevriend,en gelukkig weer elkaar te mogen ontmoeten na deze verschrikkelijke covid periode,en mogen we ons gelukkig prijzen dat ondanks we zelf ook besmet waren dit goed hebben doorstaan.

Nogmaals onze hartelijke dank om jullie weer ontmoet te hebben,wensen we jou,Evert en alle anderen een goede gezondheid en een voorspoedig Borgward jaar.

Freek en Ria

## Nuusbrief Redaksie:


**Kees Beekman (082 579 0527) – beekman@cosmoprop.co.za**

**John McEwan (082 882 0599) – jnmcewan@gmail.com**

**Louis v Jaarsveld (083 687 8486) –Lvjaarsveld@mweb.co.za**